| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier |
|---|

**PUNTE-TOTAAL**

| |
|---|

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

Tyd: 2 uur

100 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 10 bladsye (i–x) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. Beantwoord die vrae in die spasie wat voorsien word.

4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

5. Jy mag **nie** rooi of groen ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**

6. Alle berekeninge moet tot **twee desimale** plekke afgerond word.

7. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

| | Moontlike punte | Werklike punte | Nasiener se handtekening | Moderator se handtekening |
|---|---|---|---|---|
| **Vraag 1: Versoenings (29 minute)** | **24** | | | |
| **Vraag 2: Maatskappy-ontleding (54 minute)** | **45** | | | |
| **Vraag 3: Begrotings (37 minute)** | **31** | | | |
| **TOTAAL** | **100** | | | |

## VRAAG 1 VERSOENINGS [24 punte; 29 minute]

**Verwys na die inligting aangaande Kalideck.**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele, Deel A en Deel B.**

**Deel A: Debiteure (18 punte; 22 minute)**

1.1 Stel die ouderdomsontleding op 31 Oktober 2024 op deur die staat wat voorsien word, te gebruik. Toon al jou berekeninge sodat punte gedeeltelik toegeken kan word.

| 120+ dae | 90+ dae | 60+ dae | 30+ dae | Huidig |
|---|---|---|---|---|
| 320 000 | 176 500 | | | |
| Moenie bereken nie | | | | |

(9)

1.2 Bereken op grond van die kredietbepalings wat voorsien word, die rentebedrag wat op hierdie staat gehef moet word. Verduidelik ook waarom die berekende bedrag in die "Huidig"-kolom van die debiteure-ouderdomsontleding vertoon sal word.

| |
|---|
| |
| Waarom word dit in die "Huidig"-kolom vertoon? |
| |
| |
| |

(3)

1.3 Die ouditeur wil kredietnota 83 in Augustus 2024 verifieer en skakel Eksamen-vraesteldrukkers (EVD) direk om vir bewyse te vra. Waarom sal die ouditeur eerder dit doen ter verifikasie as om net die Kalideck-boekhouer te vra?

| |
|---|
| |
| |

(1)

IEB Copyright © 2024

1.4 Verwys na die transaksies op 12 en 26 Augustus en die meegaande nota.

Verduidelik waarom die inskrywing vir die administratiewe boete as toelaatbaar of voldoende (wettig), maar oneties beskou kan word.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

(3)

1.5 Kalideck het die steeds stygende brandstofpryse as 'n uitdaging vir die onderneming geïdentifiseer wanneer verkope by hul klante afgelewer word.

Aangesien hulle nie die brandstofprys kan beheer nie, moet hulle:
(a) óf hul pryse verhoog om vir hierdie styging te vergoed
(b) óf dit aan hul klante deurgee (klante betaal vir aflewering).

Verduidelik watter een van hierdie twee opsies die onderneming oor die lang termyn meer sal baat in vergelyking met die ander opsie.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |

(2)

IEB Copyright © 2024

**Deel B: Krediteure** **(6 punte; 7 minute)**

1.6 Voltooi die Krediteureversoening vir Oktober 2024 deur die tabel hieronder te gebruik.

| Besonderhede en berekeninge | Krediteure-grootboek | Krediteure-versoening | Geen inskrywing nie (X) |
|---|---|---|---|
| Saldo | 1 460 795 | 1 565 835 | |
| (a) | | | |
| (b) | | | |
| (c) | | | |
| (d) | | | |
| (e) | | | |
| | Moenie bereken nie | | |

(6)

| |
|---|
| |
| **24** |

## VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING [45 punte; 54 minute]

**Verwys na die inligting aangaande Sasol Group Limited.**

2.1 2.1.1 Bereken die persentasieverandering in koste van verkope van 2022 tot 2023.

(2)

2.1.2 Bereken die winsgrenspersentasie wat in **2022** behaal is.

(2)

2.1.3 Waarom moet die maatskappy op grond van die berekeninge hierbo bekommerd wees oor die verandering in verkope en koste van verkope?

(2)

2.2 Stel DRIE maatreëls voor wat Sasol kan implementeer om die kwessies wat in Vraag 2.1 geïdentifiseer is, reg te stel. Hou in gedagte dat hulle grootliks 'n **vervaardigingsonderneming is**.

- 
- 
- 

(3)

2.3 Bereken die verdienste per aandeel (VPA) en dividende per aandeel (DPA) vir **2022**.

| |
|---|
| Verdienste per aandeel (VPA) |
| Dividende per aandeel (DPA) |

(4)

2.4 2.4.1 Lewer kommentaar oor die maatskappy se dividendbeleid vir **2023** deur na die VPA, DPA en die effek op Behoue Inkomste te verwys.

(4)

2.4.2 Waarom sou SASOL dit doen?

(1)

2.5 Jou oom besit SASOL-aandele. Hy beweer dat die aandele ongeveer 70% van hul waarde oor die laaste finansiële jaar verloor het. Hy wil die aandele verkoop en eerder in RSA Kleinhandel-Spaareffekte belê.

Evalueer waarom hy sy SASOL-aandele **moet hou** en nie in RSA Kleinhandel-Spaareffekte moet belê nie.

(4)

IEB Copyright © 2024

2.6 Bereken die skuld-tot-ekwiteit-verhouding vir **2023**.

(3)

2.7 Lewer kommentaar oor die graad van finansiële risiko deur die skuld-tot-ekwiteit-verhouding van die maatskappy te ontleed.

(2)

2.8 Evalueer met verwysing na risiko en hefboomfinansiering, waarom SASOL sal voortgaan om lenings te verkry in teenstelling met die uitreiking van meer aandele. Gebruik syfers/finansiële aanwysers (verhoudings) om jou redenasie te motiveer.

(4)

2.9 Ontleed waarom 'n paar aandeelhouers tevrede sal wees met hul belegging met die sluiting van verhandeling op die JSE aan die einde van die finansiële jaar (Junie 2023) ten spyte van die daling in die aandeleprys. Haal syfers/finansiële aanwysers (verhoudings) **buiten die Opbrengs op Aandeelhouersbelang** aan om jou antwoord te motiveer.

(2)

IEB Copyright © 2024

2.10 Gebruik die likiditeitsaanwysers wat voorsien word om die likiditeit van die maatskappy krities te ontleed en te evalueer.

**Vergelyk** en **ontleed** die likiditeitsaanwysers van 2022 en 2023 en maak voorstelle oor hoe hulle moontlik kan verbeter.

| |
|---|
| Vergelyk en ontleed 2022 en 2023: |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| Voorstelle ter verbetering: |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

(9)

IEB Copyright © 2024

2.11 Waarom sal artikel E jou **as aandeelhouer** bekommer? Verskaf DRIE redes.

| |
|---|
| • |
| |
| |
| • |
| |
| |
| • |
| |
| |

(3)

| |
|---|
| |
| **45** |

## VRAAG 3 BEGROTINGS [31 punte; 37 minute]

**Verwys na die inligting aangaande SDC Toestelhandelaars.**

3.1 Hieronder is die gedeeltelik voltooide krediteurebetalingskedule vir Februarie 2025.

| Verkoopsmaand | Kredietaankope<br>R | Januarie 2025<br>R | Februarie 2025<br>R |
|---|---|---|---|
| Desember 2024 | 386 100 | 77 220 | |
| Januarie 2025 | *3.1.2* | ? | Moenie bereken nie |
| Februarie 2025 | 347 100 | | 263 796 |
| | | Moenie optel nie | |

3.1.1 Bereken die persentasie wat kredietaankope van totale aankope uitmaak.

(2)

3.1.2 Bereken die bedrag van die totale **krediet**aankope vir Januarie 2025.

(3)

3.1.3 Bereken die **bedrag** (randwaarde) afslag wat in Februarie 2025 ontvang is.

(2)

IEB Copyright © 2024

3.2 Bereken die ontbrekende syfers gemerk A–D in die Kontantbegroting.

| | |
|---|---|
| A. | |
| B. | |
| C. | |
| D. | |

(10)

3.3 SDC Toestelhandelaars wil hul bruto wins verhoog sonder om klante te verloor. Verskaf EEN voorstel oor hoe hulle dit kan doen sonder bykomende koste soos reklame. Hulle het in die verlede reeds probeer om goedkoper verskaffers te kry, maar was onsuksesvol.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |

(2)

3.4 Stavros is bekommerd oor die kontantsituasie van hierdie onderneming. Dit lyk asof die verkryging van 'n lening nie die kontantvloeiprobleem opgelos het nie.

Verduidelik VIER maniere waarop die onderneming die kontantvloeiposisie vir die begrotingstydperk Januarie 2025 tot Februarie 2025 kan verbeter afgesien daarvan om verdere fondse te leen of Stavros te vra om sy kapitaal te verhoog.

| |
|---|
| • |
| |
| • |
| |
| • |
| |
| • |
| |

(4)

IEB Copyright © 2024

3.5 Stavros het bevind dat sy grootste voorraadverliese in 2024 die gevolg was van tegnologiese vooruitgang en skade tydens verskeping/aflewering.

Hoe kan hy moontlik hierdie verliese in die jaar wat kom, verminder?

| Tegnologiese vooruitgang: |
|---|
| |
| Vervoerskade: |
| |

(2)

3.6 Stavros wil die idee bekend stel dat klante toestelle vir 'n tydperk huur, waarna dit hulle s'n word (huur-en-besit). Bestudeer die advertensie wat hy vir hierdie idee opgestel het soos in die Inligtingsboekie vertoon.

Evalueer die **finansiële lewensvatbaarheid** van hierdie idee krities deur die bepalings en voorwaardes van die advertensie te ontleed.

| Kritiek oor die bepalings en voorwaardes genommer ❶: |
|---|
| • |
| |
| • |
| |
| • |
| |
| Kritiek oor die bepalings en voorwaardes genommer ❷: |
| • |
| |
| • |
| |
| • |
| |

(6)

| |
|---|
| **31** |

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024